# GOVERNMENT NOTICES • GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

**DEPARTEMENT VAN LANDELIKE ONTWIKKELING EN GRONDHERVORMING**

**NO. 206** **01 MAART 2016**

## REGISTRASIE VAN AKTES WET, 1937 (WET NO. 47 VAN 1937):

## WYSIGING VAN GEBIEDSOMSKRYWING VAN REGISTRASIEKANTOOR TE PIETERMARITZBURG

Ek, Gugile Nkwinti, Minister van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming, kragtens artikel 1(1)(a)(iii) van die Registrasie van Aktes Wet, 1937 (Wet No. 47 van 1937), wysig hierby, met ingang van die datum van publikasie van hierdie kennisgewing, die gebiedsomskrywing van die registrasiekantoor te Pietermaritzburg, soos uiteengesit in Goewermentskennisgewing No. 1044, gepubliseer in *Staatskoerant* No. 32680 van 4 November 2009, deur uitsluiting van die gebied van die Matatiele Plaaslike Munisipaliteit soos aangedui in Kaart No. 1 van Bylae 1 by Kennisgewing 1998 van 2005, gepubliseer in *Staatskoerant* No. 28189 van 31 Oktober 2005.

**MINISTER VAN LANDELIKE ONTWIKKELING EN GRONDHERVORMING**